Jesus is ons Here

# Ek is die weg en die waarheid en die lewe

## Bybelteks

*Jesus sê vir hom: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. As julle My leer ken het, sal julle ook my Vader ken. En van nou af ken julle Hom, en het Hom reeds gesien."*

**– Johannes 14:6-7**

## Kernwaarheid

Jesus is die weg en die waarheid en die lewe. Ons ken God deur Jesus.

### WELKOM

- Watter roete in die vertrek in was moeilik en watter een was maklik?

- Watter roete sal jy kies as jy vinnig by die vertrek wil inkom? Hoekom?

### WONDER

- Wat bedoel Jesus wanneer Hy sê: "Wie My gesien het, het die Vader gesien" (v 9)?

- Jesus sê dat Hy "die weg en die waarheid en die lewe" is (v 6). Wat dink jy beteken dit?

- Dink jy "die lewe" waarvan Jesus praat, is net vir eendag of kan ons dit vandag al beleef? Hoekom sê jy so?

## WEES

Dink na oor die uitdagings wat jy neergeskryf het en die padtekens wat jy dink jou daarmee kan help.

## WEGSTUUR

Plak jou padtekengids iewers op waar jy dit elke dag gaan sien. Wanneer jy uitdagings ervaar, kan jy na die padtekens kyk en onthou dat jy na God toe kan gaan met jou uitdagings.